UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ii. Die insending van 'n beursontwerp op 'n voorgestelde beursterrein deur Sytze Wierda

'n Merkwaardige feit in verband met die Amsterdamse beursontwerp van 1879/1880 is dat daar ten tyde van die aanvang van die ontwerp van 'n nuwe beursgebou deur die ver= skillende deelnemers nog geen besluit geneem was oor die plek waar die nuwe beursgebou in Amsterdam opgerig sou gaan word nie en ewe min oor die eise waaraan so 'n beursgebou op daar= die stadium en in die toekoms moes voldoen. Die deelnemers aan die beursontwerp het dus oor geen enkele leidraad beskik, terwyl die kommissie wat deur die stadsraad op 19 November 1879 benoem is om 'n rapport oor die ontwerpe uit te bring, nie een enkele maatstaf van beoordeling besit het nie.[38]


Desnieteenstaande het 'n aantal bekende en minder be= kende argitekte hulle teen die einde van 1879 en in die begin van 1880 besig gehou met 'n besinning oor 'n moontlike ge= skikte beursterrein in Amsterdam en die ontwerp van 'n nuwe, doelmatige en waardige beursgebou op die voorgestelde beurs= terrein.[39]

Sytze Wierda, destyds hoofopsigter by die aanleg van staatspoorweë en woonagtig in Amsterdam, wat hom besonderlik geïnteresseer het in die jarelange diskussies oor die be= hoefte aan 'n nuwe koopmansbeurs vir Amsterdam, het - te midde van sy veeleisende werk as hoofopsigter en argitek in sy vrye tyd - tog nog die tyd gevind om aandag te gee aan 'n voorstel vir 'n nuwe beursterrein en die ontwerp van 'n beursgebou. Op 20 Januarie 1880 was sy beursontwerp verge= sel van die toeligtende stukke in besit van die stadsraad.[40]

In 'n keurig geskrewe toeligtende stuk het Sytze Wierda agtereenvolgens aandag gegee aan die „plaatsbeschrijving", die beskrywing van sy twee beursplanne en met 'n „slot- bemerking" afgesluit, terwyl hy op 'n laaste bladsy 'n begroting van koste bygevoeg het.

Uit die inleidende „algemeene opmerkingen" onder die hofie „plaatsbeschrijving" blyk dit dat Sytze Wierda na

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ernstige studie en met gebruikmaking van 'n kaart van Amster= dam, tot die gevolgtrekking en oortuiging gekom het dat die Damplein, as die sentrum van die stad, die enigste moontlike terrein is vir die oprigting van 'n handelsbeurs, eerstens op grond van die ruimte wat die Damplein - in teenstelling met ander voorgestelde beursterreine in Amsterdam - bied, en tweedens omdat die Dam „het eenige, van ouds bekende en monumentale plein van heel de Amstelstad (is)." Volgens Wierda sou die bekwaamste hand nie in staat wees om by die totstandbrenging van 'n ander plein „het eigenaardige van het Damplein .... terug te geven", hetsy deur onteiening, hetsy deur die demping van water of op ander maniere. „Nog met een monumentalen beursgebouw verrijkt", skrywe hy verder, „kan men den Dam onder de voornaamste pleinen van Europa rangschikken." Hy sluit sy oorwegings uit estetiese oog= punt af deur te beweer dat na sy mening 'n handelsbeurs met sy belangrikste front aan 'n plein behoort te staan en beslis nie in 'n straat nie. Die Dam, waar sewe druk besogte strate bymekaar kom, is syns insiens die geskikste geleë as 'n ver= enigingspunt vir die handel.

Die keuse van 'n terrein vir die plasing van die vroeëre en die tans bestaande beursgebou, lewer die bewys dat die Amsterdammers in die verskillende tydperke en eweneens onder seer uiteenlopende omstandighede, die Dam steeds as die middelpunt van handel en verkeer beskou het. Meer as in die verlede sal daar in die toekoms ook rekening gehou moet word met die beursbesoekers wat met die spoorweg na Amsterdam sal kom. Om daardie rede is die Dam dié plein wat in die reg= streekse verbinding met die „Centraal Station" staan.

Met die oog op die verkryging van voldoende ruimte vir die bou van 'n nuwe beursgebou aan die Damplein, het Wierda voorts onder die hofie „nadere toelichting" die aankoop en „amovering" van 'n aantal persele - waarvan hy die ont= eieningskoste op 1 250 000,- gulden begroot het - aanbeveel, naamlik die persele tussen die Nieuwendyk en die Damrak tot by

Wierda se voorstel vir 'n beursterrein, 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Zoutsteeg met 'n totale oppervlakte van bykans 4 500 vierkante meter.

Hieruit blyk dat Wierda uit beginsel die voorkeur gee aan 'n „vrijstaande Beurs en zonder omgeving van winkels". „Uit een aesthetisch oogpunt beschouwd", het hy voortgaande betoog, „moet een beursgebouw rondom geheel vrij staan, zal het eenigzins beantwoorden aan het monumentaal karakter. Men spreekt wel van eenen monumentalen gevel in een straat, maar van een monumentaal gebouw wanneer het geheel vrij staat. In elk geval mag nimmer, naar mijn bescheiden architectonische kennis, in het front eener Beurs winkellocaliteiten worden gemaakt." In so 'n geval ontstaan 'n gewone winkelstraat waar die boustyl van 'n groot ingang mens voer na 'n verskuilde openbare lokaliteit.


Daarom staan sy beursgebou in een van sy ontwerpe heel=temal vry, terwyl daar in die ander ontwerpe voorsiening gemaak word vir 'n oordekte winkelgalery tussen die agter=gewel van die beurs en die daarteenoor geleë persele, met 'n gemiddelde breedte van 14 meter en 'n lengte van 156 meter.

Albei die planne bied die voordeel dat die fundering van die bestaande beursgebou in sy geheel benut word. Die Dam word tewens, as gevolg van die situasie, aanmerklik ver=groot. Volgens plan nr. 1 verkry die plein selfs 'n lengte van 225 meter, terwyl die nuwe gedeelte 'n gemiddelde breedte van 60 meter verkry waardeur 'n oop ruimte van 5 000 vier=kante meter aan die Dam toegevoeg word.


Wanneer die standplase van die trems vir die tremlyne wat langs die Damrak en die Rokin loop, verplaas word na die aangewese standplase op sy plantekening, sal die Dam van sy oorlading onthef en die vrye verkeer weer herstel word.

In verband met die „beschrijving der beide plannen" verduidelik Wierda onder die hofie „inrichting in het alge=meen" dat sy leidende gedagte as ontwerper gegrond was op die gegewens wat volgens die behoeftes van die teenswoordige

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tyd vir die beursbou voorgeskrywe word en wat onder andere opgemerk kan word in die nuwe Beurs te Frankfurt am Main. By herhaling word beklemtoon dat 'n handelsbeurs op 'n plein geleë moet wees, by voorkeur op 'n heeltemal vrystaande plein, met die oog op die voorsiening van verskillende ingange in die beursgebou sodat die beursbesoekers wat van alle kante toestroom, ongehinderd en sonder gedrang die verskil= lende beurslokale kan bereik.

Die ligging van die verskillende beurssale behoort by 'n goeie inrigting só te wees, dat elke afdeling volkome afsonderlike toegange het en hierdie afdelings weer op hul beurt onderling met mekaar in verbinding is, sodat uit hulle weer 'n geheel ontstaan.

Die newe- en bowelokale moet vir elke beursafdeling in verbinding met mekaar staan en maklik bereikbaar wees. Vir die vergaderings van die Kamers van Koophandel en verskil= lende ander verenigings sal tewens steeds voldoende en ruim vergadersale beskikbaar moet wees.

Die kantoor vir die ontvangs en versending van die posstukke en telegramme moet, indien moontlik, met die no= dige lokette aan die Effekte- en Handelsbeurse grens, maar die res van die lokale wat daarby benodig word, kan op die boverdieping ingerig word.

Vervolgens word agtereenvolgens elke plan afsonderlik deur die ontwerper bespreek. In groepe verdeel, is die indeling van plan nr. 1 as volg:

Die eerste groep bevat die groot Handelsbeurs met sy newelokale, as hoofgroep tewens in die middel van die beurs= gebou geleë, te wete, die groot beurssaal self met 'n grond= oppervlakte van 2 150 vierkante meter; twee groot skryf= kamers met 'n grootte van 95 vierkante meter elk; voorts 'n trap wat lei na die makelaarsgenootskap en 'n lokaal met pos- en telegraafkantoor, terwyl die pos- en telegraafkantoor daarbo op die eerste verdieping geleë is.

---

Die plattegrond van Wierda se Amsterdamse Beursgebou (Plan Nr. 1) (bo) en die vooraansig van dieselfde gebou (onder).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Aan die suidekant hiervan sluit die tweede groep hom aan, synde die Effektebeurs met 'n grootte van 750 vierkante meter en met sy newelokale, te wete, die lokaal vir die groot Effektegenootskap met 'n grootte van 175 vierkante meter, met 'n afsonderlike toegang en concierge. Verder vind mens aan die suidoostelike hoek 'n kafee met buffet en woning. Die vestibule, geleë in die middel agter die suidelike gewel, met 'n trap na die boonste sale en retirade, verbind hierdie groep onderling en gee tewens regstreekse toegang tot die beurssaal.


Die derde groep aan die noordekant, sluit hom, net soos in die geval van die tweede groep, by die groot Handels=beurs aan, en bevat 'n beurssaal vir die koringhandel met dieselfde grootte as die Effektebeurs, dit wil sê 750 vierkante meter, met daaraan verbonde monsterkamers in die „parterre" en op die eerste verdieping. Die koffiekamers met buffet, vestibule, woning en dergelike is dieselfde as dié van die Effektegenootskap.

Die vierde groep vorm die „avant-corps" of die hoof=front van die gebou. Dit het 'n breedte van 40 meter en bevat in die „parterre" die hoofingang tot die groot Handelsbeurs, met kleedkamers, geriewe en „portiersloge", terwyl twee groot trappe na die boonste verdiepings toe voer. Dié op die eerste verdieping, bestem vir die Kamer van Koophandel, bevat benewens 'n groot vergadersaal met 'n grondoppervlakte van 260 vierkante meter, 'n klein saal, koffiekamer, kabinet, kleedkamer, „concierge" en dergelike. Op die hoër geleë verdiepings word verskillende sale en newe=lokale ingerig om te dien vir verskillende doeleindes.

Die groepering wat op hierdie wyse saamgestel is, gee aan die gebou 'n langwerpige gedaante met 'n lengte van 156 meter en 'n breedte in die middel van 63 meter en by die vleuels van 40 meter, waarvan die hoofingang onmiddellik in die oog spring. Deur die koepelbou word aangetoon dat dié ingang die vernaamste is en na die vernaamste gedeelte van die gebou lei.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Elke beurs het 'n afsonderlike ingang en is tewens onderling met mekaar verbind.

Die boonste verdiepings aan albei eindes van die gebou, elk met 'n grootte van 460 vierkante meter, is beskikbaar vir verskillende vergaderings, veilings en dergelike aktiwiteite.

Bo die winkelgalery kan drie verdiepings vir kantore ingerig word, sodat op dié wyse 'n 54 tal kantore en 18 winkels aan die beursgebou toegevoeg word.

Enige uitbreiding langs die Vygendam tot die winkelgalery, soos op die plan aangetoon, sal spoedig die eienaars van die persele teenoor die Beurs noop om voordeel te trek van dié geleentheid sodat daar sonder oordrywing die versekering gegee kan word, dat weldra na die bou die voorgestelde winkelgalery skitterend sal word.

Ten opsigte van die styl waarin die beursgebou ontwerp is, het daar vir Sytze Wierda by die ontwerp van die gebou die woorde van 'n beroemde argitek ten grondslag gelê:

„Je reicher nun der plastische Schmuck des Aeusser werden durfte, um zo einfachen mussten die Baumassen sich gestalten."

, skrywe Wierda afsluitend oor plan nr. 1,

Op 'n hoë rustieke onderbou verhef 'n lewendige en ryk argitektuur hom in die Hoog-Renaissance-styl, wat pas by die Vroeg-Renaissance-styl (sic) van die Paleis op die Dam. Ten opsigte van die klassisistiese boustyl van die Paleis het die ontwerper hom blykbaar vergis!

Plan nr. 2 het nagenoeg die vorm van 'n vierkant, staan heeltemal vry en is as volg ingedeel:

Die eerste groep, wat die groot Handelsbeurs bevat, deurloop die middelste gedeelte van die beursgebou. Dit bevat 'n beurssaal met 'n grondoppervlakte van 1 742 vierkante meter, met vier skryfkamers, benewens pos- en telegraaflokette en 'n groot voorsaal van 400 vierkante meter, sodat hierdie voorsaal en die groot beurssaal 'n gesament=

---

Die plattegrond (bo) en die vooraansig (onder) van Wierda se Plan Nr. 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



like grondoppervlakte van 2 142 vierkante meter beslaan.

Die tweede groep, wat aan die westekant van die eerste groep geleë is, bevat die Effektebeurs, met 'n grootte van 817 vierkante meter, met kabinet, pos- en telegraaflokette, 'n lokaal vir die Effektegenootskap, met 'n grootte van 200 vierkante meter, met 'n buffet en dergelike.

Die oostekant van die gebou vorm die derde groep, die Koringbeurs, met 'n grootte van 817 vierkante meter, met monsterkamers in die grondverdieping en op die eerste ver= dieping, met koffiekamers, buffet en dergelike, net soos by die lokaal van die Effektegenootskap.

Die ronde torings aan die kante van die voorbou na die kant van die Damrak, dien in die eerste plek om die boonste verdiepings te verenig, en veral om dié in die gebou toegang te verleen deur die trappe, wat hulle in die gange van die Effekte- en Koringbeurs bevind. Die kantore vir die pos en telegrafie is op die eerste verdieping geleë.

Die vierde groep van Wierda se tweede beursplan is uit die oogpunt van die newe behoeftes een van die belangrikste afdelings van die ontwerp en is geleë in die front van die groot Handelsbeurs. 'n Ingang met 'n breedte van 12 meter lei regstreeks na die groot voorsaal. Aan die kante van hierdie reusagtige ingang vind mens die kleed- en waskamers en die trappe na die boonste verdiepings, newelokale vir die Effekte- en Koringbeurse, waardeur die lokaal van die Effek= tegenootskap en die koffiekamer vir die koringhandel van uit die groot ingang bereik kan word, voorts 'n „portiersloge" en verblyf vir die oppasser in die grondverdieping, benewens twee oop plekke vir die voorsiening van lig en lug in die was- en kleedkamers, en tot vergemakliking van die kapkon= struksie, terwyl die wonings in die „entre-sol" geleë is.

Die boonste verdiepings is ruim genoeg om in uitge= breide sin in alle behoeftes te voorsien en kan vir verskil= lende doeleindes ingerig word. Die twee boonste verdiepings in die voorbou aan die Dam, het behalwe die „entre-sol" 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



grondoppervlakte van ruim 3 000 vierkante meter wat anderhalfmaal die ruimte van die groot beurssaal is.

Die koepelbou van die groot beurssaal toon weer sy vernaamste funksie, terwyl die toring bo die hoofingang die vernaamste voorgewel aandui en die kenmerk van 'n openbare gebou dra.

Elke beurs- en beursafdeling kan afsonderlik bereik word.

Die styl waarin die beursgebou ontwerp is, is, volgens die ontwerper, dié van die Vrye-Renaissance. Op 'n swaar rustieke onderbou verhef die rysige Vrye-Renaissance-argitektuur hom met koepelvormige dakke, wat die geheel 'n sierlike en verhewe uitdrukking gee en die groot en ruim sale reeds van buite af in die oog laat spring.

Vanweë min tyd tot sy beskikking vir 'n uitgebreide ontwerp, het Sytze Wierda ten slotte in sy „slot-bemerking" verduidelik dat hy die sketstekeninge en die beskrywing so beknop moontlik gemaak het. Dit was in elk geval ook nie die bedoeling van die ontwerper om 'n uitgebreide en uitvoerige ontwerp te maak nie omdat daar op daardie stadium selfs nog geen besluit oor die beursterrein en alles wat daarmee in verband gestaan het, geneem was nie. „Elke plaats heeft zijne eigenaardige behoeftes en bezwaren", het Wierda aan die einde van sy beskrywing opgemerk, „en deze hebben allicht op den hoofdvorm van het gebouw grooten invloed, derhalve meende ik voorloopig hiermede te kunnen volstaan en bied dit weinige met gepasten eerbied den Gemeenteraad aan."[41]

Op die vergadering van die Amsterdamse Stadsraad wat op 16 Junie 1880 gehou is, het raadslid Engels navraag gedoen oor die stand van die beurskwessie. Hy het verwys na die aanstelling in November 1879 van die „Commissie voor den beursbouw" wat binne ses maande 'n verslag moes uitbring maar dat daar tot op daardie tydstip nog niks van die bevindinge van die kommissie bekend geword het nie. Die voorsitter van die stadsraadsvergadering het 'n verduideliking gegee

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waarom daar 'n vertraging met die verskyning van die verslag ontstaan het en terselfdertyd ook aangekondig dat die verslag reeds aan die drukkers besorg is en weldra tot die beskik= king van die raadslede gestel sou word.

Die rapport van „De Commissie voor den beursbouw", gedateer 22 Junie 1880, het op 28 Junie verskyn en is op die volgende dag in die hande van die raadslede gestel.

Die kommissie het in sy rapport aanvanklik dit duide= lik gestel dat hy sy opdrag in die ruimste moontlike sin opgevat het en dat hy daarvan oortuig was dat die bedoeling van die vergadering van die stadsraad en sy besluit van 19 November 1879 nie was dat die kommissie hom moes bepaal by die uitbring van advies oor die ingekome planne nie, maar om ook met die oog op die planne „een onderzoek in te stellen naar de wijze waarop Amsterdam een nieuwe beurs zou kunnen verkrijgen".

Oor die verskillende aspekte van die opdrag waaroor die kommissie verslag uitgebring het, was daar, onder andere, ook aandag gegee aan die vrae: „Op welke plaats moet de nieuwe beurs worden gebouwd?" en „volgens welke plan behoort de bouw te geschieden?"

Nadat die kommissie aanvanklik erken het dat hy ten opsigte van advies oor 'n toekomstige beursterrein, voor die moeilikste deel van sy opdrag te staan gekom en 'n motive= ring gegee het waarom hulle van oordeel is dat die „nieuwe beurs niet op de plaats der thans bestaande moest worden gebouwd" - soos Sytze Wierda, onder andere, voorgestel het -, daar „van eene verbouwing der bestaande beurs geen sprake zijn", en ook nie „op het Damrak in de onmiddellijke nabij= heid van den Dam niet kon worden geplaatst",was die eenparige mening nietemin „dat de daarvoor aan te wijzen plaats niet verre van dat centrum mag verwijderd zijn." Ten slotte is voorkeur gegee aan die voorstel van argitek-ingenieur A.L. van Gendt, een van die destydse hoofde van Sytze Wierda by die aanleg van staatspoorweë, naamlik die terrein „tusschen

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



de Heeren- en Keizersgrachten, tegenover de Warmoesgracht". Die kommissie was van opinie dat daar „geen betere plaats voor den bouw eener beurs kon worden aangewezen." Indien die terrein nie deur onteiening verkry kon word nie, stel die kommissie self voor die verkryging van 'n terrein „door aanplemping van het water vóór de Texelschekade bezuiden het stationsemplacement, op het middeneiland", dit wil sê op „een ruim plein gelegen in de onmiddellijke nabijheid van het station en slechts eenige minuten van den Dam verwijderd."

Die gemotiveerde voorstel van SytzeWierda vir 'n beurs=terrein het dus geen genade gevind in die oë van die „Commissie voor den beursbouw" nie.[42]

Ten opsigte van die vraag „volgens welk plan behoort de bouw te geschieden?", het die kommissie sy advies soos volg geformuleer:

> "Een keuze tusschen de verschillende ingekomen plannen heeft de Commissie met het oog op het voorgaande gemeend niet te moeten doen. Zij wenscht alleen loffelijk te vermelden de als Nos. 1, 2, 3, 4 en 11, 6 en 7, 8, 9, 10 en 10 bis, 12 in Bijlage III aangeduiden plannen, namelijk die der H.H. van Gendt, N.N., Hoeufft, S., Muijsken en de Kruijff, Van Beek, W., Wierda, en de Greef en Springer, hetzij om de keurige uitvoering, hetzij om de architectonische waarde, hetzij om de doelmatige inrichting der ontwerpen. Het doen eener keuze scheen echter niet wel mogelijk, omdat - gelijk reeds boven werd opgemerkt - elk plan behoort beoordeeld te worden met het oog op de plaats, waar het beursgebouw verrijzen zal, en geen dier plannen voldoet aan de eischen, welk door elk der beide hierboven aangeduide terreinen gesteld wordt."

Die plan van A.L. van Gendt sou, volgens die kommissie, uit die oogpunt van die eerste aanbevole terrein, wel in aanmerking geneem kon word, maar die kommissie was egter eenparig van oordeel, „dat dit plan, hoe verdienstelijk ook, wat indeeling der ruimte en uitwendig schoon betreft, door andere der zoo even genoemde plannen overtroffen wordt."

Ten slotte het die kommissie 'n belangrike aanbeveling gemaak: „Na ernstige verweging der middelen om een beursgebouw

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te verkrijgen, dat aan de hooge eischen, welke men stellen mag, het beste zal voldoen, acht de Commissie het uit=schrijven eener prijsvraag wenschelijk en noodig, nadat de plaats voor de stichting zal zijn vastgesteld. Ten einde de daarop ingekomen antwoorden beter te kunnen beoordelen, zou Uwe Vergadering de voorlichting kunnen inwinnen van deskun=digen. Zij zou aan de deskundigen tevens kunnen opdragen om het programma uit te werken, door U in groote trekken vast te stellen."

Vroeër in die rapport, het die kommissie hom reeds op die standpunt gestel dat 'n „nieuwe beursbouw" noodsaaklik is. Waar daar in die afgelope aantal jare tot geen beslis=sing oor die beurskwessie gekom kon word nie, het die des=tydse verplasing van die Koringbeurs 'n vereniging van daar=die gebou met 'n vergrote „Groote Koopmansbeurs" noodsaaklik gemaak. Die vertroue is uitgespreek dat die stadsraad aan die behoeftes van die handel en die billike verlangens van die handelaars tegemoet sal kom deur die bou van 'n nuwe beursgebou.[43]

Ofskoon die kommissie in sy rapport van 22 Junie 1880 die voorkeur gegee het aan 'n beursterrein wat A.L. van Gendt aan die hand gedoen het, het Burgemeester en Wethouders in 1882 met 'n nuwe beursplan, wat by 'n sakeonderneming in die Kalverstraat ter insae gelê het, vorendag gekom. Vol=gens dié plan sou 'n ry huise tussen die Damrak en die Warmoesstraat onteien word, waardeur voldoende terrein vir 'n nuwe beursgebou sowel as omliggende strate verkry sou kon word. Die voorstel van A.L. van Gendt is weliswaar aangeprys maar om verskillende redes, waaronder hoë onteieningskoste en die vernietiging van die „stadschoon" van daardie omge=wing, nie aanvaar nie.

Later in dieselfde jaar het 'n voordrag van Burgemees=ter en Wethouders na aanleiding van die voorstel van die heer Van Nierop en ander in verband met die beursgebou gevolg. Volgens 'n tekening wat die voorstel vergesel het, sou die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beurs opgerig word op 'n gedeelte van die Damrak wat tussen die Oude- en Papenbrûe aangeplemp sou word met 'n grond= oppervlakte van 5 400 vierkante meter. Aan die kant van die Damrak sou 'n straat van 30 meter tot stand kom en aan die kant van die Warmoestraat 'n ruimte wat op sy smalste punt nie minder as 12 meter sou wees nie. Die gedeelte van die Damrak wat vir die bou van die beurs bestem is, kon intussen gedemp word. Dit is opmerklik dat reeds in 1879 'n ontwerp vir 'n beursgebou ingedien is wat nagenoeg die= selfde plek in gedagte gehad het. Na wik en weeg het die stadsraad die voorstel van die heer Van Nierop en ander insake die bou van 'n nuwe beurs met 'n groot meerderheid aangeneem.[44]

In weerwil en in die aangesig van kragtige protes van die kant van die inwoners van Amsterdam, het die stadsraad op 11 April 1883 besluit om die Damrak te demp met die oog op die voorsiening van 'n geskikte terrein vir die nuwe beurs= gebou.

Ter verkryging van 'n ontwerp vir 'n nuwe beursgebou is deur die stadsraad vervolgens besluit om 'n prysvraag uit te skrywe, waaraan buitelanders ook kon deelneem. In die najaar van 1883 het 'n konsepprogramma die lig gesien. Volgens die bygevoegde kaart van die beursterrein sou die beursgebou op 'n trapesiumvormige terrein te staan kom.

Ten einde 'n meer geskikte terrein te verkry, het raadslid Prins voorgestel dat die hele Damrak gedemp moes word en die nuwe beursgebou dan te plaas op 'n reghoekige terrein tussen die Oude en Nieuwe Brug. Die voorstel het gemoedere weer opnuut gaande gemaak. Op 'n vergadering van die „Kiesvereniging Burgerplicht" het J.R. de Kruijff as spreker opgetree en die plan wat hy in 1879 deur hom en C. Muijsken opgestel is, toegelig, waarna die vergadering besluit het om by die stadsraad aan te dring dat die plan van De Kruijff uitgevoer word. Daarna het ook Van Gendt, Vos, Hoeufft en Van Beek, wat almal aan die beursontwerp van 1879/80 deelgeneem het, ook met voorstelle vir 'n beurs= terrein gekom. Dit is egter opmerklik dat Sytze Wierda

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op daardie stadium nie weer van hom laat hoor het nie.

Die stadsraad het egter op 30 Januarie 1884 besluit om Burgemeester en Wethouders te versoek om nie een van die voorgestelde planne te aanvaar nie maar selfstandig na te gaan in hoeverre die plasing van 'n beursgebou aan die Dam tegnies en finansieel uitvoerbaar sou wees.

Nadat die Damrak finaal as bouterrein vir die nuwe beursgebou bepaal is, het die programma vir die internasio= nale beursprysvraag teen die einde van Junie 1884 verskyn en is terselfdertyd 'n verteenwoordigende beoordelingskommissie, bestaande uit Nederlanders en buitelanders, aangewys.

Die beursprysvraag, waaraan Sytze Wierda nie deelge= neem het nie, het egter op daardie stadium tot geen praktiese resultaat gelei nie, behalwe dat argitek H.P. Berlage deur sy ontwerp sterk op die voorgrond gekom het. Dit het daarna bykans twintig jaar geduur voordat die Amsterdamse beursgebou, volgens 'n nuwe ontwerp van H.P. Berlage, uitgevoer en op 27 Mei 1903 plegtig ingewy kon word.

Sytze Wierda het in die tagtigerjare tot met sy vertrek na die Zuid-Afrikaansche Republiek, naas sy veel= eisende werk as hoofopsigter by die aanleg van staatspoorweë, soveel private argitekswerk op sy hande gehad, dat dit moont= lik die rede was dat hy hom na Junie 1880 aan die „beurs= quaestie" onttrek het en nie aan die internasionale beurs= prysvraag van 1884 deelgeneem het nie. Terwyl die beurs= kwessie in die res van die tagtigerjare en die laaste dekade van die negentiende eeu voortgesloer het, was hy as „Gouver= nements Ingenieur en Architect" en „Hoofd van Publieke Werken" van die Zuid-Afrikaansche Republiek duisende kilometer ver= wyder van die Amsterdamse strydtoneel.

Sy deelname aan die beursprysvraag van Frankfurt am Main in die sewentigerjare, en die Amsterdamse beursontwerp van 1879/80 het egter onmiskenbare getuienis gelewer dat hy in staat en bevoeg was om 'n stylvolle en doelmatige monu= mentale openbare gebou te ontwerp en dat hy daarbenewens oor

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die selfvertroue beskik het om kragte te meet met ander vooraanstaande Nederlandse argitekte.[46] Maar boweal het sy deelname aan die beursprysvrae en die ontwerp van ander openbare geboue hom voorberei vir sy werk as „Gouvernements Ingenieur en Architect" van die Zuid-Afrikaansche Republiek waar hy, onmiddellik na sy aanvaarding van sy nuwe staats= betrekking in November 1887 geroepe was om die ontwerp van die monumentale Staatsgebou van die Republiek ter hand te neem en binne ses maande te voltooi.

## 4. BRONNEVERWYSINGS EN TOELIGTENDE VOETNOTE

1. T.A.B., S.S. 1386, R.4189/82 (afskrif) by R.2693/87: S. Wierda - Driemanschap en Uitv. Raad, 2.6.1882, pp. 110-114.

2. De Opmerker, Jrg. 10, Nr. 38, 19.9.1875; C.T.J. Louis Rieber: De Maatschappij tot Bevordering der Bouw= kunst van 1842 tot 1892, pp.64-72. Wanneer die name van die prysvraagwenners vanaf 1842 tot 1891 in oënskou geneem word, is dit opmerklik dat Nederlandse argitekte, wat in later jare op die gebied van die boukuns ge= presteer het, as pryswenners genoem word, bv. J.F. Metzelaar, A.N. Godefroy, L.H. Eberson, J.H. Leliman, H.P. Vogel, J.F.J. Margrij, A.L. van Gendt, W.C. van Goor, A.C. Bleys, J. van der Koogh (van Zaandam), A.J.H. van den Brink, J.L. Springer, S. Wierda Wz, H. Evers, G.W. Vixseboxse, J.K.M. Lindhout, Jos. Th. J. Cuypers, H.P. Berlage Nzn. Jan Stuyt en 'n groot aantal ander boukundiges en argitekte.

3. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, a, 1: „Façade eener Villa", 1865.

4. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, a, 2: Voorgewel, omstreeks 1865.

5. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, a, 3: Voorgewel en plattegrond van 'n smal verdieping= huis.

6. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, a, 4: „Heeren Boerderij".

7. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, a, 5: Villa, 1869.

8. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, G, 1 en 2: Kostebegrotings.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



9. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, a, 6: „Een Buiten-Societeit", 1869; Bouwkundige Bijdragen, 1870, p.241: Die program vir die „Tweede Prijsvraag", 1869.

10. Bouwkundige Bijdragen, 1871, Bijlage, Stuk 4, pp.13-14, 52-53 en 60.

11. Bouwkundige Bijdragen, 1871, pp.52-53, 55-56.

12. Bouwkundige Bijdragen, 1871, Bijlage tot Deel XVIII, Stuk 4, p.16; C.T.J. Louis Rieber: De Maatschappij tot Bevordering der Bouwkunst van 1842 tot 1892, pp. 68-69.

13. Bouwkundige Bijdragen, 1871, p.333.

14. De Opmerker, Jrg. 8, Nr. 21, 24.5.1873, Nr. 22, 31.5.1873; C.T.J. Louis Rieber: De Maatschappij tot Bevordering der Bouwkunst van 1842 tot 1892, pp.66-72; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, a, 7: „Ontwerp van een Bibliotheek", onder skuilnaam „à la renaissance", 1871.

15. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, a, 8: „Dubbel Heerenhuis", Groningen, 1875.

16. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, a, 9: „Teylers Stichting aan het Spaarne", 1878.

17. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, a, 10: „Gebouw voor de Maatschappij voor de Werkende Stand".

18. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, a, 11: „Habitation", Marnixstraat, Amsterdam.

19. A.G. Ploeg: De v.m. Westerkerk te Rotterdam als kerk=historisch gedenkteken (Rotterdamsch Jaarboekje, 1945, pp.175-181); H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 17: J.W.C. Besemer - G.J.H. Gijmink, 14.5.1968, Wierda-Stukke, VI, i, H: Besemer-Notities, pp.1-3. Die „Besemer-Notities" bestaan uit drie getikte blad=sye wat deur argitek J.W.C. Besemer saamgestel is uit die eerste notuleboek (Notulen 1) van die „Sub-commissie uit Gecommitteerden tot tenuitvoerlegging van het plan tot verbetering van gemeentetoestanden benoemd in de vergadering van 3 februari 1866".
Die notuleboek vorm deel van die Archief van Kerkmees=ters nos. 716 en 717, Kerkelijk Bureau, Ned. Hervormde Gemeente Rotterdam, Grotekerkplein 3-7, Rotterdam.
Die twee notuleboeke (nos. 716 en 717) is die enigste twee argiefstukke van die „Sub-commissie" wat bewaar gebly het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



20. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, H: Besemer-Notities, p.2; De Opmerker, Jrg. 1, Nr. 39, 22.12.1866, pp.154 en 156, Nr. 40, 29.12.1886, p.160, Jrg. 2, Nr. 1, 5.1.1867, p.4, Nr. 2, 12.1.1867, p.8, Nr. 5, 2.2.1867, p.19, Nr. 12, 23.3.1867, p.49; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 17: J.W.C. Besemer - G.J.H. Gijmink, 14.5.1968.

21. S. Wierda en H.J.H. Groneman: Kerkgebouw voor de Hervormde Gemeente te Rotterdam (Hedendaagsche Bouwkunst, Uitgezochte Ontwerpen van Vreemden en Inlandschen Oorsprong, Met Korte Beschrijvingen, Afl. 20, October 1870).

22. De Opmerker, Jrg. 1, Nr. 39, 22.12.1866, p.154.

23. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, H: Besemer-Notities, p.3; A.G. Ploeg: De v.m. Westerkerk te Rotterdam als kerkhistorisch gedenkteken (Rotterdamsch Jaarboekje, 1945, p.181; De Opmerker, Jrg. 2, Nr. 17, 27.4.1867, p.170.

24. Dit was in hierdie tydperk van sy lewe en werk in Nederland dat Sytze Wierda, naas sy veeleisende werk as spoorwegopsigter, sy liefhebbery as patentvoerende of gelisensieërde boukundige/argitek begin beoefen het.

25. S. Wierda en H.J.H. Groneman: Kerkgebouw voor de Hervormde Gemeente te Rotterdam (Hedendaagsche Bouwkunst, Uitgezochte Ontwerpen van Vreemden en Inlandschen Oorsprong, Met Korte Beschrijvingen, Afl. 20, October 1870). Die „verduideliking" wat Sytze Wierda op versoek van „civiel-ingenieur" H.J.H. Groneman, redakteur van „Hedendaagsche Bouwkunst", tesame met die vier ontwerptekeninge van die kerkgebou voorsien het, was vermoedelik van dieselfde inhoud as die bestek wat hy in 1867 aan die „Sub-commissie" gestuur het.

26. S. Wierda en H.J.H. Groneman: Kerkgebouw voor de Hervormde Gemeente te Rotterdam (Hedendaagsche Bouwkunst, Uitgezochte Ontwerpen van Vreemden en Inlandschen Oorsprong, Met Korte Beschrijvingen, Afl. 20, October 1870, p.51). Dit is nie heeltemal duidelik of die aangehaalde woorde uit die eerste paragraaf van bg. artikel gebesig is deur redakteur Groneman of deur Sytze Wierda self nie. Groneman het vermoedelik die eerste twee paragrawe van die artikel opgestel as 'n inleiding met gebruikmaking van die begin van Sytze Wierda se „verduideliking" of van inligting vervat in 'n begeleidende brief wat Sytze Wierda saam met die artikel en ontwerptekeninge aan die redakteur van „Hedendaagsche Bouwkunst" gestuur het. Oor die outeurskap van die res van die artikel bestaan daar egter geen twyfel nie: die „verduideliking" van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ontwerpplan was deur die ontwerper self en het waar= skynlik ooreengestem met sy bestek uit die jaar 1867.

27. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, a, 12: „Kerkgebouw voor de Hervormde Gemeente te Rotterdam", afb. 80.

28. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, a, 12: „Kerkgebouw voor de Hervormde Gemeente te Rotterdam", afb. 79.

29. S. Wierda en H.J.H. Groneman: Kerkgebouw voor de Hervormde Gemeente te Rotterdam (Hedendaagsche Bouw= kunst, Uitgezochte Ontwerpen van Vreemden en Inlandschen Oorsprong, Met Korte Beschrijvingen, Afl. 20, October 1870).

30. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, H: Besemer-Notities, p.3; A.G. Ploeg: De v.m. Westerkerk te Rotterdam als kerkhistorisch gedenkteken (Rotter= damsch Jaarboekje, 1945, pp.181-182); De Opmerker, Jrg. 2, Nr. 34, 24.8.1867, p.141; De Nederlandsche Stoompost, Jrg. 22, Nr. 33, 18.8.1867, p.131.

31. A.G. Ploeg: De v.m. Westerkerk te Rotterdam als kerkhistorisch gedenkteken (Rotterdamsch Jaarboekje, 1945, pp.182 en 184; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, H: Besemer-Notities, p.3; De Opmerker, Jrg. 6, Nr. 50, 16.12.1871. In hierdie nommer verskyn afbeeldings van die ontwerptekeninge van die Westerkerk deur J.A. Jurriaanse.

32. De Opmerker, Jrg. 5, Nr. 41, 8.10.1870; T.A.B., S.S. 1386, R.4189/82 (afskrif) by R.2693/87: S. Wierda - Driemanschap en Uitv. Raad, 2.6.1882, pp.110-114; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, a, 12: „Kerkgebouw voor de Hervormde Gemeente te Rotterdam".

33. A.W. Weissman: De Beurs te Amsterdam, pp.7, 9, 9-12, 15-53 en 55; D.J. van Dissel: De Beurzen van Amsterdam (Ons Amsterdam, Jrg. 9, Nr. 1, Jan. 1957, pp.10-17); J.J. Vriend: De Bouwkunst van ons Land, De Steden, pp.136, 168-169, plaat 122; G.A. (AMST.), Part Arch. 184: De Beursprijsvraag I, Koerantartikel deur A.W.W., 1884. „De Beurs te Amsterdam" deur Weissman gee vanaf bl. 15 tot 50 'n deeglike oorsig van die geskiedenis van die beursgebou tot op die dag toe die beursgebou van Zocher ingewy is.

34. Gemeenteblad van Amsterdam, 1880, Afdeeling 1, p.400.

35. A.W. Weissman: De Beurs te Amsterdam, pp.56 en 58; Gemeenteblad van Amsterdam, 1880, Afdeeling 1, p.400.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



36. De Opmerker, Jrg. 14, Nr. 11, 17.3.1879, Nr. 47, 22.11.1879; A.W. Weissman: De Beurs te Amsterdam, p.57. Wanneer die boek van Weissman oor die geskie= denis van die Amsterdamse beursgeboue geraadpleeg word, is dit opmerklik dat hy in die eerste 57 bladsye deeg= like aandag gee aan die oprigting en lotgevalle van die Beursgebou van Zocher en dat hy vanaf bl. 58 lank en uitvoerig stilstaan by die totstandkoming van die „Nieuwe Beurs" van Berlage. Dit is egter opmerklik dat hy feitlik geen aandag gee aan die sg. „Beursquaes= tie" rondom die jare 1879/1880 nie, juis daardie jare toe Sytze Wierda sy beursontwerp ingestuur het. Uit 'n studie van die geskiedenis van die totstandkoming van die „Nieuwe Beurs" van Berlage - wat in 1884 'n aanvang geneem en vroeg in hierdie eeu afgesluit is - word dit heel gou duidelik dat die aanloop van dié geskiedenis reeds in die sewentigerjare van die 19de eeu 'n aanvang geneem het. Navorsing oor Sytze Wierda se beweerde aandeel in 'n prysvraag vir 'n beursontwerp waaraan argitek H.P. Berlage en ander vooraanstaande Nederlandse en buitelandse argitekte ook sou deelgeneem het, het my in 1961 in Nederland juis via 'n studie van die tagtigerjare na die sewentigerjare van die vorige eeu en na die aandeel van Sytze Wierda gebring.
Die aktiwiteit rondom die beursontwerp van 1879/1880 kan, myns insiens, nie heeltemal losgemaak word van die prysvraag vir 'n beursontwerp van 1884 en die jare daarna nie. Daarom is dit des te meer bevreem= dend dat Weissman nie meer aandag aan die tydperk van 1873 tot 1882 met die oog op die beursontwerp van 1879/1880 gegee het nie. Dan sou die naam van argitek Sytze Wierda reeds deur Weissman aan die geskiedenis van die Amsterdamse beursgeboue verbind kon gewees het.

37. Gemeenteblad van Amsterdam, 1879, I, pp.289 en 296, 1880, Afdeeling 1, Bijlage III, 1879, II, p.251, 1879, I, pp.477, 479, 482, 484, 487 en 491; A.W. Weissman: De Beurs te Amsterdam, p.57; De Opmerker, Jrg. 14, Nr. 23, 7.6.1879, Nr. 29, 19.7.1879, Nr. 47, 22.11.1879; August Hendrichs: Beschouwingen naar aanleiding der Voordracht van B. & W. tot het bouwen van Een Nieuwe Beurs te Amsterdam, p.24.

38. Gemeenteblad van Amsterdam, 1879, I, p.483, 1880, I, pp.399-400; De Opmerker, Jrg. 14, Nr. 46, 15.11.1879, Nr. 47, 22.11.1879, Nr. 50, 13.12.1879, Jrg. 15, Nr. 3, 17.1.1880, Nr. 4, 24.1.1880, Nr. 7, 14.2.1880; Nederlandse Kunstbode, Jrg. 3, Nr. 19, 7.5.1881.

39. Gemeenteblad van Amsterdam, 1880, I, Bijlage II en III; De Opmerker, Jrg. 15, Nr. 27, 3.7.1880. Afgesien van B. de Greef Jz., W. Springer, C. Muijsken, J.R. de Kruijff en A.L. van Gendt, wat reeds voor die Raads= besluit van 19.11.1879 ontwerpe ingestuur het, en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



enkele anonieme insenders (5), het die volgende argi= tekte ontwerpe ingestuur: E. Hoeufft, N. Vos, A.J. van Beek en S. Wierda Wz., terwyl De Greef en Springer ook nog 'n gewysigde ontwerp ingestuur het.

40. T.A.B., S.S. 1386, R.4189/82 (afskrif) by R.2693/87: S. Wierda - Driemanschap en Uitv. Raad, 2.6.1882, pp.110-114; G.A. (AMST., AMSTELDIJK), Afd. Topogra= phische Atlas: Publieke Werken, Beursplannen, Planne Nos. 1 en 2, Schetsontwerp voor een Beursgebouw te Amsterdam; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, a, 13: Foto-afdrukke van twee Beursplanne van S. Wierda.
In sy brief aan die Regering van die Republiek het Sytze Wierda onder andere die volgende geskrywe: „Een plan voor een nieuwe Beurs te Amsterdam werd met enkelen andere uit een 26 tal ontwerpen, door een Raad alhier loffelijk vermeld". Aanvanklik het ek gedink dat Sytze Wierda aan die internasionale beursprysvraag, wat in 1884 uitgeskryf is vir die verkryging van 'n beurs= ontwerp van internasionale standaard, deelgeneem het. Na 'n baie noukeurige ondersoek en kontrole van die ongeveer 200 ingestuurde ontwerpe, wat in Amsterdam bewaar gebly het, kon die afleiding gemaak word dat Sytze Wierda nie aan die beursprysvraag van 1884 saam met, onder andere, Berlage en Sanders, deelgeneem het nie. Na 'n verdere lang soektog is sy naam uitein= delik opgespoor in 'n register van ontvange beursontwerpe onder die datum Januarie 1880: S. Wierda. Twee beurs= plannen inzendende, 304. Van toe af is vir weke lank elke moontlike spoor in Amsterdam en Delft opgevolg op soek na die beursontwerpe van Sytze Wierda, wat aan= vanklik net nie opgespoor kon word nie. Kort voor my terugkeer na die Republiek van Suid-Afrika het ek op 'n ingewing nog een laaste leidraad opgevolg. Dit het my gevoer na die Gemeentelijke Archief, Amsteldijk 67, Amsterdam, waar ek uiteindelik op 7 Julie 1961 in 'n portefeulje, afkomstig uit die Afdeeling Topographische Atlas, 'n aantal beursplanne uit die jare 1879 en 1880 onder oë geneem het en sodoende die langverlore beurs= planne van Sytze Wierda ontdek het. Aangesien ek veral op soek was na ontwerpe wat Sytze Wierda in daar= die jare van openbare geboue gemaak het, was die op= sporing van sy beursplanne vir die doeleindes van hierdie proefskrif vir my persoonlik van die grootste moontlike betekenis.

41. G.A. (AMST., AMSTELDIJK), P.W., Arch. Tekenkamer, No. 18372/10: Beskrywing van die twee beursplanne deur die ontwerper, Sytze Wierda, 1879/1880; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, a, 13: „Schets Ontwerp voor een Beursgebouw te Amsterdam", planne nrs. 1 en 2 (foto-afdrukke en oorspronklike tekening deur S. Wierda van die „Hoofdingang, Groote

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Beurs" met gedeelte van die plattegrond.

42. Gemeenteblad van Amsterdam, 1880, I, pp.399-413 en vier bladsye met vier bylaes, 1880, II, pp.294, 300, 400-401 en 405-409; De Opmerker, Jrg. 15, Nr. 25, 19.6.1880, Nr. 27, 3.7.1880; Nederlandse Kunstbode, Jrg. 3, Nr. 19, 7.5.1881.

43. Gemeenteblad van Amsterdam, 1880, II, pp.400-401, 404 en 409-410. Op bl. 401 van die Gemeenteblad verwys die Kommissie na Art. 59 van die Wetboek van Koop=handel, waar na die Beurs verwys word as 'n samekoms van persone wat tot die handel behoort of daarby be=trokke is, terwyl op bl. 404 die vraag gestel word in hoeverre die gebou, naas sy hoofdoel, ook aan verwante doeleindes diensbaar gemaak moet word, „al moge worden toegestemd, dat uit een architectonisch oogpunt dienst=baarheid van het gebouw aan één bepaald doeleinde gewenscht is." Verder is as vereiste gestel dat die inwendige van die Beurs aan die behoeftes van die handel tot samekoms van koopliede in elke opsig voldoen moet word, terwyl die gebou, wat die uitwendige betref, die eise van die oog moet bevredig. Getoets aan hierdie vereistes en maatstawwe, kan met stelligheid beweer word dat die twee beursplanne van Sytze Wierda dié toets op 'n skitterende wyse sou kon deurstaan het. Voorts kan die afleiding gemaak word dat die ontwerpe van Sytze Wierda vir 'n beursgebou gunstiger beoordeel is as dié van sy hoof, ingenieur A.L. van Gendt, ontwerper van 'n aantal spoorwegstasies vir die staat=spoorweë in die Zaanstreek en elders, waaronder - in medewerking met argitek P.J.H. Cuypers - die „Centraal Station" in Amsterdam veral genoem moet word. In die tagtigerjare was Van Gendt beskou as een van die vooraanstaande argitekte van Nederland. In September 1888 het Sytze Wierda in Pretoria na A.L. van Gendt verwys as „een der grootste Architecten van Amsterdam, die mij van nabij bekend is" (T.A.B., P.W. 339, Briewekopieboek 1887-1889, G.I.A. 246/88, 607/88). Dat die verdienstelike beursontwerp van Van Gendt, „hoe verdienstelijk ook wat indeeling der ruimte en uitwendig schoon betreft, door andere der zoo even genoende plannen overtroffen wordt" - onder andere dus ook dié van Sytze Wierda - kan as 'n pluimpie vir Sytze Wierda beskou word.

44. De Opmerker, Jrg. 17, Nr. 23, 10.6.1882, Nr. 41, 14.10.1882, Nr. 42, 21.10.1882.

45. A.W. Weissman: De Beurs te Amsterdam, pp.58-61 en 63-114; De Nederlandsche Stoompost, Jrg. 27, 6.7.1884, p.151.

46. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, D:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„Beilage bei das Entwurf einer neuen Börse zu Frankfurt a/Main, Kostenanschlag", deur S. Wierda, onder die skuilnaam „Romana Renaissance"; E. Gügel: Geschiede= nis van de Bouwstijlen in de Hoofdtijdperken der Archi= tectuur II, p.333. Enkele jare voordat Sytze Wierda sy prysvraagontwerp vir die Amsterdamse beursgebou saamgestel het, het hy sy hand gewaag aan 'n ontwerp vir 'n nuwe beursgebou in Frankfurt an der Main onder die leuse „Romana Renaissance". Die kosteberekening was in Duits opgestel en is deur hom op 325 086 „Thaler" gestel. Die ontwerp van argitek G.R. Burnitz (1827-1881), in Italiaanse Renaissance-styl, is aanvaar en in samewerking met argitek Oscar Sommer uitgevoer. Net soos in die geval van sy ontwerp vir 'n Amsterdamse beursgebou, het Sytze Wierda in sy ontwerp vir die nuwe beursgebou vir Frankfurt an der Main, blykens sy leuse voorkeur gegee aan die Italiaanse of Vroeg-Renaissance-boustyl, die boustyl waarin hy daarna al sy openbare geboue ontwerp het.